**Besprekingsprosedure**

**Wanneer:** Vir oornagstappe open besprekings ongeveer 3 maande voor die stap op die datum soos op die program aangedui. Vir dagstappe open dit 2 weke voor die stap op die datum soos op die program aangedui. Besprekings word by die stapleier (of stapkoördineerder indien daar stapleier én stapkoördineerder is) gedoen.

**Lede en nie-lede:** Op alle langstappe met ‘n beperkte aantal persone kry lede vir die eerste twee weke voorkeur bo nie-lede. *Maak dus seker jou ledegeld is betaal indien jy nie wil afskuif op die lys nie!*

**Prosedure:** Jy kan *stiptelik vanaf 07:00* begin bel, stemboodskap los, SMS of Whatsapp op die dag waarop die besprekings open. Hierdie verskillende oproepe en boodskappe word dan afgehandel in die volgorde wat hulle, volgens die tyd aangedui, ontvang is. Vir stappe met ‘n beperkte aantal persone mag jy net vir TWEE mense bespreek. Indien jy bel hou asseblief die oproepe en stemposse kort! Enige stemposse, boodskappe en oproepe vòòr 07:00 skuif na die einde van die lys wanneer die stormloop afkoel. Plekke op ‘n stap word daarna toegeken. Aansoekers sal dan so gou doenlik in kennis gestel word of hulle suksesvol was of nie.

**Jou verantwoordelikheid**: Jy kan gedurende die eerste ses weke nadat die besprekings vir oornagstappe geopen het, kanselleer sonder enige aanspreeklikheid vir koste. Ses weke voor die stapdatum is die volle bedrag betaalbaar. As jy binne een maand voor die stapdatum kanselleer, verbeur jy die volle bedrag, tensy daar ’n persoon op die waglys is of jy iemand in jou plek kry wat vir die bestuur en stapleier aanvaarbaar is.

**Fiksheid vir lang stappe:** Daar word verwag dat jy sal sorg dat jy fiks genoeg is om die stap mee te maak maar die finale beslissing berus by die stapleier.